

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c

Tuesday 15 July 1975

WINDHOEK

Dinsdag 15 Julie 1975

No. 3475

CONTENTS

INHOUD

Page

Bladsy

GOVERNMENT NOTICE:

GOEWERMENSKENNISGEWING:

No. 178 Ordinance, 1975: Promulgation of 1157

Ordonnansie, 1975: Uitvaardiging van 1157

Government Notice

Goewermentskennisgewing

The following Government Notice is published for general information.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Secretary for South West Africa.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Administrator's Office,
Windhoek.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 178.]

[15 July 1975

No. 178.]

[15 Julie 1975.

ORDINANCE, 1975: PROMULGATION OF

ORDONNANSIE, 1975: UITVAARDIGING VAN

The Deputy Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:

Dit behaag die Waarnemende Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet:

No.	Title	Page	No.	Titel	Bladsy
7	Licences Consolidation Amendment Ordinance, 1975	1158	7	Wysigingsordonnansie op die Konsolidasie van Lisensies, 1975	1159

No. 7 of 1975.]

LICENCES CONSOLIDATION AMENDMENT
ORDINANCE, 1975.

(Assented to 14 July 1975).

(Afrikaans text signed by the Deputy Administrator.)

(Date of commencement 1 October 1975.)

ORDINANCE

To amend the Licences Consolidation Ordinance, 1935, in regard to the date on which licences expire and the period in which licences shall be renewed; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:-

Amendment of section 4 of Ordinance 13 of 1935, as amended by section 2 of Proclamation 21 of 1941, section 2 of Ordinance 15 of 1951, section 2 of Ordinance 6 of 1962 and section 2 of Ordinance 12 of 1972.

1. Section 4 of the Licences Consolidation Ordinance, 1935 (Ordinance 13 of 1935) — hereinafter referred to as the principal Ordinance — is hereby amended -

- (a) by the substitution in subsection (1) for the expressions "first day of January" and "1st day of July" of the expressions "first day of April" and "first day of October", respectively;
- (b) by the substitution in subsection (2) for the words "thirty-first day of December of the year of issue" of the words "thirty-first day of March following the date of issue"; and
- (c) by the substitution in subsection (3) for the expression "thirty-first day of January" of the expression "thirtieth day of April".

Amendment of section 5 of Ordinance 13 of 1935, as amended by section 1 of Ordinance 5 of 1965 and section 1 of Ordinance 2 of 1966.

2. Section 5 of the principal Ordinance is hereby amended by the deletion of the second proviso.

Amendment of section 15 of Ordinance 13 of 1935.

3. Section 15 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution in subsection (2) for the words "31st day of December in any year in respect of which a licence" of the words "expiry of a licence which".

Amendment of section 21 of Ordinance 13 of 1935, as amended by section 3 of Ordinance 13 of 1939.

4. Section 21 of the principal Ordinance is hereby amended -

- (a) by the substitution for all the words preceding the first proviso of the following words:

No. 7 van 1975.]

WYSIGINGSORDONNANSIE OP DIE KONSOLIDASIE VAN LISENSIES, 1975.

(Goedgekeur 14 Julie 1975.)

(Afrikaanse teks deur die Waarnemende Administrateur geteken.)

(Datum van inwerkingtreding 1 Oktober 1975.)

ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Konsolidasie-Ordonnansie betreffende Lisensies 1935, betreffende die datum waarop lisensies verval en die tydperk waarbinne lisensies hernieu moet word; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

1. Artikel 4 van die Konsolidasie-Ordonnansie betreffende Lisensies, 1935 (Ordonnansie 13 van 1935) — hieronder die Hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig -

- (a) deur in subartikel (1) die uitdrukkings “eerste dag van Januarie” en “1ste dag van Julie” deur die uitdrukkings “eerste dag van April” en “eerste dag van Oktober”, onderskeidelik, te vervang;
- (b) deur in subartikel (2) die woorde “een-endertigste dag van Desember van die jaar van uitreiking” deur die woorde “een-en-dertigste dag van Maart volgende op die datum van uitreiking” te vervang; en
- (c) deur in subartikel (3) die uitdrukking “een-endertigste dag van Januarie” deur die uitdrukking “dertigste dag van April” te vervang.

2. Artikel 5 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die tweede voorbehoudsbepaling te skrap.

3. Artikel 15 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (2) die woorde “wat voor die 31ste dag van Desember in enige jaar ten opsigte waarvan ’n lisensie” deur die woorde “voor die verval van ’n lisensie wat” te vervang.

4. Artikel 21 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig -

- (a) deur al die woorde wat die eerste voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

Wysiging van artikel 4 van Ordonnansie 13 van 1935, soos gewysig deur artikel 2 van Proklamasie 21 van 1941, artikel 2 van Ordonnansie 15 van 1951, artikel 2 van Ordonnansie 6 van 1962 en artikel 2 van Ordonnansie 12 van 1972.

Wysiging van artikel 5 van Ordonnansie 13 van 1935, soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 5 van 1965 en artikel 1 van Ordonnansie 2 van 1966.

Wysiging van artikel 15 van Ordonnansie 13 van 1935.

Wysiging van artikel 21 van Ordonnansie 13 van 1935, soos gewysig deur artikel 3 van Ordonnansie 13 van 1939.

LICENCES CONSOLIDATION AMENDMENT
ORDINANCE, 1975

(No. 7 of 1975).

"How
turnover
to be
ascertained.

21. When licence duty in respect of any licence issued under this Ordinance is assessed partly on turnover, such turnover shall be the total amount of gross sales in a business during each year for the period of twelve months ending on the last day of February in the year in which the licence duty becomes due and payable:"; and

(b) by the substitution in the first proviso for the expression "30th day of June" wherever it appears of the expression "last day of February".

Amendment of section 22 of Ordinance 13 of 1935, as amended by section 4 of Ordinance 13 of 1939 and section 4 of Ordinance 25 of 1959.

5. Section 22 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution in paragraph (1) for the word "year" of the words "period of twelve months ending on the last day of February," and for the expression "thirty-first day of January" of the expression "thirtieth day of April".

Amendment of item 16 of Part I of the First Schedule to Ordinance 13 of 1935, as amended by section 4 of Proclamation 21 of 1941, section 2 of Proclamation 35 of 1941 and section 2 of Proclamation 15 of 1943.

6. Item 16 of Part I of the First Schedule to the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for the words "30th June of the year preceding payment of licence duty" of the words "on the last day of February of the year in which the licence duty becomes due and payable".

Amendment of item 17 of Part I of the First Schedule to Ordinance 13 of 1935.

7. Item 17 of Part I of the First Schedule to the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for the words "30th June of the year preceding payment of licence duty" of the words "on the last day of February of the year in which the licence duty becomes due and payable".

Temporary provisions.

8. (1) On the renewal of every licence in respect of which the liability for renewal under section 4 of the principal Ordinance arises on the first day of April, 1976, there shall, in addition to the amount which, under the said section, is charged and payable in respect of the renewal of such licence, be charged and payable an amount equal to a quarter of the said amount: Provided that no such additional amount shall be charged and payable in the case of a trade or occupation, which is commenced during the period from the first day of January, 1976 up to and including the thirty-first day of March, 1976, and in respect of which a licence under the principal Ordinance is issued for the first time during that period.

(2) If a person, who carries on a trade or occupation in respect of which licence duty is levied under the principal Ordinance, ceases at any time during the period from the first day of January, 1976 up to and including the thirty-first day of March, 1976 to carry on

WYSIGINGSORDONNANSIE OP DIE KONSOLIDASIE VAN LISENSIES, 1975

(No. 7 van 1975).

"Hoe omset vasgestel moet word.

21. Wanneer lisensieregte ten opsigte van enige lisensie kragtens hierdie Ordonnansie uitgereik gedeeltelik op omset geskat word, moet sodanige omset die totale bedrag van bruto verkopinge in 'n besigheid gedurende elke jaar vir die tydperk van twaalf maande eindigende op die laaste dag van Februarie in die jaar waarin die lisensieregte verskuldig en betaalbaar word, wees:"; en

(b) deur in die eerste voorbehoudsbepaling die uitdrukking "30ste dag van Junie" oral waar dit voorkom deur die uitdrukking "laaste dag van Februarie" te vervang.

5. Artikel 22 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur in paragraaf (1) die woord "jaar" deur die woorde "tydperk van twaalf maande eindigende op die laaste dag van Februarie" en die uitdrukking "een-en-dertigste dag van Januarie" deur die uitdrukking "dertigste dag van April" te vervang.

Wysiging van artikel 22 van Ordonnansie 13 van 1935, soos gewysig deur artikel 4 van Ordonnansie 13 van 1939 en artikel 4 van Ordonnansie 25 van 1959.

6. Item 16 van Deel I van die Eerste Bylae by die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde "30ste Junie van die jaar wat aan die betaling van lisensieregte voorafgaan," deur die woorde "laaste dag van Februarie van die jaar waarin die lisensieregte verskuldig en betaalbaar word," te vervang.

Wysiging van item 16 van Deel I van die Eerste Bylae by Ordonnansie 13 van 1935, soos gewysig deur artikel 4 van Proklamasie 21 van 1941, artikel 2 van Proklamasie 35 van 1941 en artikel 2 van Proklamasie 15 van 1943.

7. Item 17 van Deel I van die Eerste Bylae by die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde "30ste Junie van die jaar wat die betaling van lisensieregte voorafgaan," deur die woorde "laaste dag van Februarie van die jaar waarin die lisensieregte verskuldig en betaalbaar word," te vervang.

Wysiging van item 17 van Deel I van die Eerste Bylae by Ordonnansie 13 van 1935

8. (1) By die hernuwing van elke lisensie ten opsigte waarvan die verpligting tot hernuwing ingevolge artikel 4 van die Hoofordonnansie op die eerste dag van April 1976 begin, word daar, bykomend tot die bedrag wat ingevolge genoemde artikel ten opsigte van die hernuwing van sodanige lisensie gevorder word en betaalbaar is, 'n bedrag gelyk aan 'n kwart van bedoelde bedrag gevorder en is dit betaalbaar: Met dien verstande dat geen sodanige bykomende bedrag gevorder word en betaalbaar is nie in die geval van 'n handel of bedryf wat gedurende die tydperk vanaf die eerste dag van Januarie 1976 tot en met die een-en-dertigste dag van Maart 1976 begin word en ten opsigte waarvan daar gedurende daardie tydperk vir die eerste keer 'n lisensie ingevolge die Hoofordonnansie uitgereik word.

Oorgangsbepalings.

(2) Indien iemand, wat 'n handel of bedryf uitoefen ten opsigte waarvan lisensieregte ingevolge die Hoofordonnansie gehef word, te eniger tyd gedurende die tydperk vanaf die eerste dag van Januarie 1976 tot en met die een-en-dertigste dag van Maart 1976 ophou

**LICENCES CONSOLIDATION AMENDMENT
ORDINANCE, 1975
(No. 7 of 1975).**

such trade or occupation, an amount equal to a quarter of the amount which under section 4 of the principal Ordinance is charged and payable in respect of the renewal of such licence, shall on the date of discontinuation of such trade or occupation forthwith be due and payable in respect of the carrying on of the trade or occupation concerned for the period from the first day of January, 1976 up to and including the thirty-first day of March, 1976, as if the trade or occupation concerned had actually been carried on for the said period.

Short title and commencement.

9. This Ordinance shall be called the Licences Consolidation Amendment Ordinance, 1975, and shall come into operation on the first day of October, 1975.

WYSIGINGSORDONNANSIE OP DIE KONSOLIDASIE VAN LISENSIES, 1975
(No. 7 van 1975).

om sodanige handel of bedryf uit te oefen, is 'n bedrag gelyk aan 'n kwart van die bedrag wat ingevolge artikel 4 van die Hoofordonnansie ten opsigte van die hernuwing van sodanige lisensie gevorder word en betaalbaar is, op die datum van staking van sodanige handel of bedryf dadelik verskuldig en betaalbaar ten opsigte van die uitoefening van die betrokke handel of bedryf vir die tydperk vanaf die eerste dag van Januarie 1976 tot en met die een-en-dertigste dag van Maart 1976 asof die betrokke handel of bedryf werklik vir genoemde tydperk uitgeoefen was.

9. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Konsolidasie van Lisensies, 1975, en tree in werking op die eerste dag van Oktober 1975.

Kort titel en inwerkingtrekking.